Tableview gemeente

Jesus ritmes vir die lewensreis

KERK IS NIE ‘n kultuurorganisasie, ‘n godsdiensvereniging, ‘n politieke drukgroep, ‘n taalvereniging, ‘n weeklikse vertoning of ‘n geestelike diensverskaffer nie.

KERK IS ‘n beweging van volgelinge. Dit gebeur daar waar mense vir **Jesus volg**. Dit is wel soms ‘n byeenkoms, maar dan is dit ‘n **samekoms van gestuurdes**, nie ‘n bymekaarkoms van lede nie. Kerk is **Jesus se hande en voete** in ons leefwêreld. Mense wat **Jesus dieper ontdek en liefkry** en **Jesus leef oral** waar hulle voetspore en vingerafdrukke te vinde is.

DIE RITME REIS wil ons help om Jesus oral te leef waar ons is. Dit nooi ons uit om ons lewens volgens die ritmes in te rig, sodat ons **Jesus kan leef**. As ons God verstaan as ‘n God wat **aktief in ons en ons wêreld** aan die werk is, verstaan ons onsself ook as sy **aktiewe volgelinge** wat elke dag in gehoorsaamheid aan Hom leef. Hierdie reis wil ons help om **in voeling te bly met God** se beweging in ons en die wêreld om ons. Ons spandeer baie tyd aan ons eie behoeftes en die bevrediging daarvan, maar as ons gehoorsaam aan Jesus wil leef, gaan ons moet leer om **op God se ritme te reis**.

VERTREKPUNTE VIR DIE REIS

Ons is God se geliefde kinders: ons kan niks doen sodat God ons minder of meer liefhet nie.

God se koninkryk: word geken aan liefde, omgee, vreugde, gehoorsaamheid en heelheid. Ons maak nou hierdie koninkryk sigbaar terwyl ons op aarde leef.

Alles vir Jesus: God stel in ons lewens as 'n geheel belang, nie net in sekere dele van ons menswees nie.

Doelbewuste groei: Om te groei en deur God gelei te word gebeur nie vanself nie. Ons moet doelbewus daarmee moeite doen.

Geloofsgemeenskap: Ons het mekaar nodig. Op die reis moet ons mekaar bemoedig en help om blindekolle raak te sien.

……..

DIE 7 RITMES VIR DIE REIS

1 Spieël

Wat is my prentjie van God en myself?

Ons beeld van God en onsself bepaal ons hele lewe. Ons wil verstaan wat dit beteken om die beeld van God te wees en dit ook van ander mense te glo.

2 Ingeprop

Waar kry ek my krag?

Ons moet ingeprop wees by God. Hiervoor is sekere dissiplines nodig. Ons het ook nodig om te rus en te herstel om "burnout" te keer.

3 Potjie

Wie sit saam met my aan tafel?

Ons het mekaar nodig op ons lewensreis. Goeie verhoudings met vriende, familie, kollegas is belangrik. Ons hanteer konflik, hou mekaar verantwoordbaar en beoefen gasvryheid

4 Legkaart

Waar pas ek in in die liggaam van Christus?

Ons wil graag weet wat ons unieke rol is in die liggaam van Christus. Ons wil ons gawes, sterkpunte, roepings, waardes ens ontdek en uitleef

5 Skoene

Ken ek die gemeenskap waarin ek leef?

Is ons bewus van ons gemeenskap? Ons dra by tot die ontwikkeling van ons gemeenskap. Ons neem waar, steek grense oor en plaas onsself in ander se skoene.

6 Afwaarts

Wanneer is genoeg, genoeg?

Ons kan almal doen met ‘n eenvoudiger lewe. Hoe bestuur, spandeer en dien ek met die bronne wat die Here aan my toevertrou het? Hoe lyk my prioriteite?

7 Tyd

Hoe kom die koninkryk deur my tyd en geld?

Ons wil goeie rentmeesters wees van ons tyd, geld en alles wat ons het. Hoe volg ek Jesus in die werk wat ek doen? Waaraan spandeer ek die meeste tyd en geld?

SO REIS ONS…

Die **reis met die Jesus ritmes** is ‘n voortdurende proses van leer en nuwe vaardighede. Daarom gaan ons die ritmes wat ons moet aanleer, **saam oefen**. Elkeen van die sewe weke gaan ons as geloofsfamilie iets oefen wat verband hou met die week se ritme.

Weeklikse preek

Kinder en tienergroepe

Facebook, kerkapp, E-nuusbrief, website

Groepe by huise of grootgroep by kerk

Na die sewe weke gaan ons **een ritme per kwartaal** hanteer en verder inoefen deur middel van preke en tefelgesprekke. **Elke faset van ons gemeente** gaan hierdeur geraak word.